

Aktiwiteit 2

Leerderboek bladsy 93

Werk deur die plekwaarde van 9-syfer getalle. Dit sou ideal wees om plekwaardekaarte byderhand te hê vir leerders om om getalle mee te maak en met getalle te werk. Gebruik die voorbeeld in die Leerderboek om die verskil tussen die twee notasies te verduidelik. Die laaste word verkies, want dit gee 'n beter persepsie van hoe groot 'n getal is. Laat leerders oefen met die verskillende notasies. Spandeer meer tyd aan die verkose notasie.

Voorgestelde antwoorde

- 1 Leerders gebruik plekwaarde om die volgende getalle te verduidelik:
 - a 123 456 789: 123 miljoen + 456 duisend + 789 ene
 - b 987 654 321: 987 miljoen + 654 duisend + 321 ene
 - c 192 837 465: 192 miljoen + 837 duisend + 405 ene
 - d 102 030 405: 102 miljoen + 30 duisend + 405 ene
 - e 100 100 100: 100 miljoen + 100 duisend + 100 ene
 - f 505 050 505: 505 miljoen + 50 duisend + 505 ene
 - g 888 888 888: 888 miljoen + 888 duisend + 888 ene
 - h 101 202 303: 101 miljoen + 202 duisend + 303 ene
 - i 900 000 009: 900 miljoen + 9 ene
- 2 Leerders gebruik plekwaardekaarte om sekere getalle te bou.
 - a grootste moontlike 9-syfer getal: 987 654 321
 - b kleinste moontlike 9-syfer getal: 102 345 678
 - c grootste moontlike 8-syfer ewe getal: 98 765 432
 - d kleinste moontlike 7-syfer onewe getal: 1 023 457
 - e getal naaste aan 500 miljoen: 501 234 567 (Leerders mag sakrekenaars gebruik om hulle antwoorde te kontroleer)